Lente in Bediening en Teologie

Lentekonferensie

20 – 22 SEPTEMBER 2022

Vreugde in oorvloed.
Geloof in ‘n tyd van skaarste

’n Vriendelike uitnodiging

- aan leraars, lidmate en ander belangstellendes -

Hiermee word jy hartlik uitgenooi na Excelsus se sewentiende Lentekonferensie, Lente in Bediening en Teologie.

Dié konferensie vind plaas vanaf

20-22 September 2022

Vanjaar se konferensie word **volledig aanlyn** aangebied.

Die tema vir 2022 is …

Vreugde in oorvloed.
Geloof in ‘n tyd van skaarste

Tydens drie oop sessies word die volgende onderwerpe hanteer:

- **’n Wolkie so klein soos ‘n mensehand.**
  – **Prof Allan Boesak**
  Dinsdag, 09:00 – 11:00

- **“Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir u aanneemlik wees, Here”: Die grammatika van ons geloofstaal, oorvloed en skaarste.**
  – **Prof Tanya van Wyk**
  Woensdag, 09:00 – 11:00

- **Hope for the future: Faith in death and resurrection.**
  – **Dr Graeme Codrington**
  Donderdag, 11:00 – 12:45

Die oop sessies word deur alle kursusgangers bygewoon.

Ons bied ook parallelle oggendsessies oor die drie dae waar jy uit die vyf temas een keuse kan maak.

Dinsdagmiddag is daar sewe parallelle groepsessies onder leiding van die Fakulteit Teologie en Religie (Universiteit van Pretoria). Elke konferensieganger kan twee van die sewe sessies bywoon.

Woensdagmiddag is daar ook ses parallelle groepsessies waar jy uit die ses temas ‘n keuse van twee kan maak.

Teken die datum aan en maak seker
dat jy so gou moontlik inskryf.

Die inskrywingsfooi beloop R360-00 per persoon.

Die Lentekonferensie is deel van Excelsus se program vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) en word in samewerking met die Hervormde Teologiese Kollege en die VBO-Forum van die NG Kerk aangebied.

Kursusgangers verwerf **30 VBO-punte**.

By Excelsus bou ons saam aan 'n kultuur van lewenslange leer!

Vriendelike groete

André Bartlett

Excelsus
SENTRUM VIR
BEDIENINGSONTWIKKELING

OGGEND-WEGBREEKSESSIES (O)

Sien uitgebreide beskrywing later in die brosjure

DIE VOLGENDE TEMAS WORD OPEENVOLGEND OOR DRIE OGGENDE AANGEBIED

(LW: Dit is nie dieselfde sessie wat herhaal word nie, maar een tema wat oor drie dae ontwikkel word)

Kies een en dui ook 'n tweede keuse aan.

O1

Vreugdevol die lewe vol.

– Prof Stephan Joubert

O2

Hoe kan ons die lied van die Here sing in 'n vreemde land?

– Dr James Kirkpatrick

O3

Die rol van die erediens in die ontwikkeling van goeie-nuusgemeenskappe!

– Prof Malan Nel

O4

***Homo Sapiens* (Latyn: "Wyse mens") in 'n tyd van skaarste: Teologie en Wetenskap in gesprek.**

– Dr Bernice Serfontein

O5

Evangelisasie in 'n tyd van skaarste.

– Ds Leon Westhof

FAKULTEITS-WEGBREEKSESSIES (N1)

Sien uitgebreide beskrywing later in die brosjure

DIE VOLGENDE TEMAS WORD DINSDAG, 14:00 - 15:15 AANGEBIED.

Kies een en dui ook 'n tweede keuse aan

N1.1

***Vanuit die Ou Testament*: Rut: Veerkragtige verhaal van hoop in 'n uitsiglose tyd.**

– Dr Gerda de Villiers

N1.2

***Vanuit die Nuwe Testament*:**

Gedeelde vreugde is dubbele vreugde.

– Dr Hanré Janse van Rensburg

N1.3

***Vanuit Sistematiese Teologie*: En as my geloofsvreugde skaars is?**

– Prof Danie Veldsman

N1.4

***Vanuit Godsdiensstudies*: Hoe lyk die toekoms van godsdiens en die godsdiens van die toekoms?**

– Prof Jaco Beyers

FAKULTEITS-WEGBREEKSESSIES (N1)

Sien uitgebreide beskrywing later in die brosjure

DIE VOLGENDE TEMAS WORD DINSDAG, 15:45 - 17:00 AANGEBIED

Kies een en dui ook 'n tweede keuse aan

N1.5

***Vanuit die Historiese Teologie*: Heropbou van 'n Gemeente na die Covid-19 pandemie.**

– Prof Johan van der Merwe

N1.6

***Vanuit Praktiese Teologie*: "Sien is glo"...?**
Alles is geloof en alles is liturgies geborge:
Die geloofsgeworpenheid van die mens en die geloofsinkleding van die totaliteit van die lewe.

– Prof Christo Lombaard en Dr Dieter de Bruin

N1.7

***Vanuit Missiologie*: Sending, die ontploffing van vreugde.**

– Prof Hannes Knoetze

NAMIDDAG-WEGBREEKSESSIES (N2)

Sien uitgebreide beskrywing later in die brosjure

DIE VOLGENDE TEMAS WORD WOENSDAG, 14:00 – 15:15 AANGEBIED

Kies een en dui 'n tweede keuse aan

N2.1

Waardigheid, geregtigheid en koinonia: bestanddele vir nagmaalsbrood.

– Dr Marinda van Niekerk

N2.2

Ontdek die avontuur van 'n Koninkrykskultuur in 'n tyd van skaarste.

– Dr Tom Smith

N2.3

Vreugde in Eenvoud: Geloofsvorming in 'n tyd waar mense oorlaai is deur keuses, besittings, inligting en besige skedules.

– Ds Maartje van der Westhuizen

NAMIDDAG-WEGBREEKSESSIES (N2)

Sien uitgebreide beskrywing later in die brosjure

DIE VOLGENDE TEMAS WORD WOENSDAG, 15:45 – 17:00 AANGEBIED

Kies een en dui 'n tweede keuse aan

N2.4

Veerkragtig vorentoe.

– Dr Jana van den Munckhof

N2.5

Hoe reageer ons in 'n tyd van skaarste?

– Ds Anandie Greyling

N2.6

Die evangeliese logika van oorvloedigheid: Bron en uitdaging vir die Christelike lewe in die 21ste eeu.

– Prof Robert Vosloo

PROGRAM

DINSDAG, 20 SEPTEMBER

09:00 – 11:00
Opening, verwelkoming en Hoofspreker 1

Prof Allan Boesak

11:30 – 13:00
Oggendwegbreeksessies (O)
1.1, 1.2, 1.3, 1.4 en 1.5

1.1 Stephan Joubert
1.2 James Kirkpatrick
1.3 Malan Nel
1.4 Bernice Serfontein
1.5 Leon Westhof

14:00 – 15:15
Fakulteitswegbreeksessies (N1)
1, 2, 3 en 4

1 Gerda de Villiers
2 Hanré Janse van Rensburg
3 Danie Veldsman
4 Jaco Beyers

15:45 – 17:00
Fakulteitswegbreeksessies (N1)
5, 6 en 7

5 Johan van der Merwe
6 Christo Lombaard en Dieter de Bruin
7 Hannes Knoetze

PROGRAM

WOENSDAG, 21 SEPTEMBER

09:00 – 11:00
Opening en Hoofspreker 2

Prof Tanya van Wyk

11:30 – 13:00
Oggendwegbreeksessies (O)
2.1, 2.2, 2.3,2.4 en 2.5

2.1 Stephan Joubert
2.2 James Kirkpatrick
2.3 Malan Nel
2.4 Bernice Serfontein
2.5 Leon Westhof

14:00 – 15:15
Namiddagwegbreeksessies (N2)
1, 2 en 3

1 Marinda van Niekerk
2 Tom Smith
3 Maartje van der Westhuizen

15:45 – 17:00
Namiddagwegbreeksessies (N2)
4, 5 en 6

4 Jana van den Munckhof
5 Anandie Greyling
6 Robert Vosloo

PROGRAM

DONDERDAG, 22 SEPTEMBER

09:00 – 10:30
Oggendwegbreeksessies (O)
3.1, 3.2, 3.3, 3.4 en 3.5

3.1 Stephan Joubert
3.2 James Kirkpatrick
3.3 Malan Nel
3.4 Bernice Serfontein
3.5 Leon Westhof

11:00 – 12:45
Hoofspreker 3 en afsluiting

Dr Graeme Codrington

OGGENDWEGBREEKSESSIES (O)
Uitgebrei

Die volgende tema word oor drie dae ontwikkel.
Kies een en dui ook `n tweede keuse aan.

Tema O1

Vreugdevol die lewe vol.

SESSIE 1: TEM JOU WIND-STORMLOPE MET TAFEL-VREUGDES
(EIETYDSE ONTDEKKINGSREISE IN PREDIKER)

Teenoor die immer-gewilde stelling dat daar 'n doel is met alles in die lewe, verklaar die Prediker alles tot wind-jaagtogte. Nogtans ontdek hy een plek waar lewensvreugde bruis. Saam met hom reis ons te midde van die lewe se sinlooshede op soek na lewensvreugde saam met God en mekaar

SESSIE 2: VANAF DIE 'AFWESIGE' GOD TOT BY DIE HERE WAT HIER EN DAAR EN ORALS IS
(EIETYDSE ONTDEKKINGSREISE IN HABAKUK)

God is nêrens te vind nie. Dit is die biddende profeet Habakuk se aanvanklike konklusie in ’n ontstuimige tyd wanneer die Babiloniërs Jerusalem bedreig. Wanneer hy egter leer om te wag op die Here, ontdek hy nuwe dinge oor Hom. Saam met Habakuk leer ons ook om God op onwaarskynlike plekke raak te loop, en hoe om te vreugdevol te groei in ons geloof.

SESSIE DRIE: VANAF 'N SITTENDE GOD TOT BY DIE OMHELSENDE HEER
(EIETYDSE ONTDEKKINGSREISE DEUR LUKAS)

Die Here is besig met 'n sending hier op aarde. Hy is aan't reis. Regdeur Lukas neem Jesus ons saam op hierdie sending. Ons ontdek God se jammerhartige hart terwyl Hy op die hakke loop van sy kosbare verlore eiendom. Saam met Jesus vind ons vreugde op nuwe maniere.

***Leier**: Prof Stephan Joubert. Stephan is ’n voltydse student van die Bybel en die lewe. Hy is betrokke by ekerk, asook by NG Gemeentes soos Pierre van Ryneveld en Kerksondermure. Tussendeur is hy ’n buitengewone Professor in Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy skryf ook daagliks in die dagblad Beeld, en elders*

Tema O2

Hoe kan ons die lied van die Here sing in ’n vreemde land?

Die tonele van die plundering in KZN en Gauteng is nog helder in ons geheue. Een daarvan is vasgevang op die selfoon video waar ’n vrou ’n lied op ’n klavier speel teen die agtergrond van die verwoeste omgewing. Kan ’n mens nog die lied van die Here sing in hierdie land? Die lees en leef van die Psalms kan ons hiermee help. "Kô, lat ons sing". In drie sessies lees ons ’n seleksie van psalms waarin die taaiheid van geloof (resilience) voorop staan. Dit kan ’n inspirerende ervaring weees!

***Leier**: Dr James Kirkpatrick. James is predikant by die NG Gemeente Stellastraat.*

Tema O3

Die rol van die erediens in die ontwikkeling van goeie-nuusgemeenskappe!

10 praktiese teoloë en 43 leraars het saamgedink: watter rol speel die erediens (prediking en prediker ingesluit) in die ontwikkeling van goeie nuus geloofsgemeenskappe? Die drie aanbiedings gaan fokus op ’n paar van die kernkonsepte/lense wat uit hierdie navorsing kom - onder andere die missionale integriteit en die kulturele intilligensie van die persoon wat die erediens lei.

***Leier**: Prof Malan Nel. Malan is Prof Emeritus en Studieleier, Dept Praktiese Teologie en Missiologie, Universiteit van Pretoria. Ontwikkeling van missionale gemeentes (Gemeentebou), Evangelistiek, Jeugbediening en Geloofsontwikkeling (Kategetiek).*

Tema O4

Homo Sapiens (Latyn: "Wyse mens") in 'n tyd van skaarste: Teologie en Wetenskap in gesprek.

Die aangrypende verhaal van menslike evolusie vertel vir ons dat ons spesienaam (*Homo Sapiens*) vir ons 'n aanduiding gee dat wysheid – tesame met ander kenmerke soos ons vermoë tot verbeelding, simboliese gedrag, morele bewussyn en kreatiwiteit – hierdie unieke verhaal van menswees skryf. Vanuit 'n ander hoek bied die Wysheidsliteratuur, soos vervat in die Ou en Nuwe Testament, 'n teologiese perspektief op die skepping en menswees en 'n morele etiek wat ons in staat wil stel om die wêreld soos God hom wil hê – harmonieus en heel – te ontdek en daarvolgens te leef. In hierdie sessies gaan ons ondersoek hoe insigte vanuit dié twee bronne – teologie en evolusionêre antropologie – ons kan toerus om met wysheid in tyd van skaarste te leef.

***Leier**: Dr Bernice Serfontein. Bernice is voltyds leraar by die NG Gemeente Waterkloof en navorsingsgenoot in die Departement Sistematiese en Historiese Teologie aan die fakulteit Teologie en Religie (UP). In haar navorsing spesialiseer sy in die Wetenskap- en Teologie diskoers, meer spesifiek, hoe evolusionêre teorie sinvol toegepas kan word op interdissiplinêre Christelike teologie en etiek.*

Tema O5

Evangelisasie in 'n tyd van skaarste.

Die NG Kerk het 'n lang geskiedenis van evangelisasie. Tans ontbreek die ywer oor 'n wye front om die Goeie Nuus van vreugde te verkondig. Binne 'n missionale ekklesiologie moet evangelisasie as die hartklop herwaardeer word. Alvorens ons egter in 'n postmoderne konteks met evangelisasie kan voortgaan, moet ons in die lig van 'n reduksionistiese teologie oor ons vertrekpunte herbesin. Hoe kan 'n Christus-benadering die gemeente opnuut bemagtig as evangelis?

***Leier**: Ds Leon Westhof. Leon is tans die leierleraar van die NG Gemeente Elarduspark asook die voorsitter van die Algemene Sinode se Taakspan Missionale Roeping se Werkgroep vir Evangelisasie.*

FAKULTEITS-WEGBREEKSESSIES (N1) Uitgebrei

Keusetema N1.1, N1.2, N1.3 en N1.4 word **Dinsdag** van **14:00 – 15:15** aangebied. (Kies een en dui 'n tweede keuse aan).

Keusetema N1.5, N1.6 en N1.7 word **Dinsdag** van **15:45 - 17:00** aangebied (Kies een en dui 'n tweede keuse aan).
Dui jou keuses per groep op die inskrywingsvorm aan.

Keusetema N1.1

***Vanuit die Ou Testament*: Rut: Veerkragtige verhaal van hoop in 'n uitsiglose tyd.**

Die boek Rut is deel van die Ou-Testament se romantiese literatuur, en een van die jongste boeke van die Geskrifte (Ketuvim). Op die Israelitiese feeskalender is die boek gelees tydens die Fees van die Weke, 'n oes-en dankfees, waarin Jahwe as Gewer van die oes en die lewe gehuldig word. Die viering sou ooreenstem met die Christelike Pinksterfees.

In vier episodes ontvou die verhaal in die boek Rut van verskeie krisisse aan die begin tot 'n ontknoping aan die einde, waarin die absolute uitsiglose situasie van 'n weduwee en haar skoondogter verander in nuwe lewensmoontlikhede. Bitterheid, leegheid, wanhoop en godverlatenheid maak ruimte vir vreugde, hoop en 'n toekomsverwagting. Rut is 'n protesverhaal, waarin gevestigde Israelitiese godsdienssienings, kulturele gebruike, die rol van die vrou, en die eksklusiewe siening van die volk 'Israel' nuut herinterpreteer word. As voorbeeld van binne-Bybelse hermeneutiek, bied Rut nuwe hoop en vreugde vir einige doodsbedreigende omstandighede. Die betekenis van die verhaal kan op sowel individue as op die kollektief 'Israel' toegepas word.

Leier: *Dr Gerda de Villiers. Gerda het in 2021 geerimiteer. Gerda se belangstellings is die Ou Nabye Ooste en ander antieke beskawings, hul religie, mites en simbole, en die Hebreeuse Bybel, veral die Boek Rut.*

Keusetema N1.2

***Vanuit die Nuwe Testament*: Gedeelde vreugde is dubbele vreugde.**

"To get the full value of joy you must have someone to divide it with." - Mark Twain II "Happiness quite unshared can scarcely be called happiness; it has no taste." - Charlotte Bronte II "If we have no peace, it is because we have forgotten that we belong to each other." - Mother Teresa II Sluit by my aan vir 'n sessie waarin ons kyk na hoe Paulus se perspektief op, en verstaan van, die Christelike lewe ons geloof selfs in tye van skaarste kan help om te floreer.

***Leier*:** *Dr Hanré Janse van Rensburg. Hanré Senior Lektor in die Departement Nuwe Testament en Verwante Literatuur, Fakulteit Teologie en Religie, aan die Universiteit van Pretoria. Haar spesialiteitsgebied is Openbaring, eskatologiese en apokaliptiese literatuur, apokriewe, Nuwe-Testamentiese hermeneutiek, sosiaal-wetenskaplike kritiek, leser-respons kritiek, spraakhandelingsteorie, oraliteit, affektiewe studies, lyflikheid, rituele studies, ritueel-funksionele analise, identiteit en interseksionele identiteitsformasie, verpersoonliking.*

Keusetema N1.3

Vanuit Sistematiese Teologie: **En as my geloofsvreugde skaars is?**

Sistematies-teologiese gedagtes oor die rol van gemoedtoestande, gevoelens, emosies in ons verhouding met God.

Leier: *Prof Danie Veldsman. Danie is die hoof van die Deptartement Sistematiese en Historiese Teologie aan die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van Pretoria.*

Keusetema N1.4

Vanuit Godsdiensstudies**: Hoe lyk die toekoms van godsdiens en die godsdiens van die toekoms?**

Soos wat tye, denkpatrone en die vereistes van die samelewing verander, so verander die uitdrukkingsvorme van godsdiens. Het godsdiens enigsins nog 'n toekoms in 'n gesekulariseerde wêreld en hoe sal die godsdiens van die toekoms lyk? Vanuit 'n Godsdienswetenskap perspektief probeer ons spekuleer hoe godsdiens in die toekoms sal funksioneer en watter rol die Christendom in die toekoms kan speel.

Leier: *Prof Jaco Beyers. Jaco is die hoof van die Departement Godsdiensstudies, Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria. Sy velde van navorsing is sekularisasie, inter-godsdienstige verhoudings en godsdienssosiologie.*

Keusetema N1.5

Vanuit Historiese Teologie: **Heropbou van 'n gemeente na die Covid-19 pandemie.**

In die sessie kyk ons terug na hoe gemeentes in die verlede na groot krisisse herstel het. Wat leer ons daaruit met die oog op die heropbou van 'n gemeente na die Covid-19 pandemie? Ons dink saam hoe dit prakties in 'n gemeente uitgerol kan word.

Leier: *Prof Johan van der Merwe. Johan is dosent in Kerkgeskiedenis en Kerkreg in die Departement Sistematiese en Historiese Teologie, aan die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van Pretoria. Sy spesialiteitsveld is Suid Afrikaanse kerkgeskiedenis van die 20ste en 21ste eeu.*

Keusetema N1.6

Vanuit Praktiese Teologie: "Sien is glo"...?

Alles is geloof en alles is liturgies geborge:

Die geloofsgeworpenheid van die mens en die geloofsinkleding van die totaliteit van die lewe.

Anders as wat die moderne wêreld ons implisiet leer, is geloof tóg orals. In alles en almal. Eksplisiet of geïmpliseer. Maar altyd lewend dáár. Ons almal is egter ingeoefen om geloof net op 'n paar maniere raak te sien nie, en dan bly ons mis kyk hoedat geloof orals tuisgaan. Nadat hierdie insig tuisgebring is, word die liturgiese aard van die lewe duidelik: elke lewensfase en -oomblik is geklee as geloofsuitdrukkingswyse, prakties en simbolies en onontkomelik. Om te lewe, is om só gekleed te wees.

***Leiers**: Prof Christo Lombaard en Dr Dieter de Bruin. Christo is Departementshoof: Praktiese Teologie en Missiologie, Universiteit van Pretoria. Sy spesialisgebiede is Post-sekularisme, Bybel en Bybels-huidige spiritualiteit. Dieter doseer Liturgiek en Homilitiek in die departement Praktiese Teologie en Missiologie, Universiteit van Pretoria.*

Keusetema 1.7

Vanuit Missiologie: Sending, die ontploffing van vreugde.

Sending is 'n onvermydelike deel van teologiese opleiding. Sending hoort tot die wese van God. Sending is wesentlik deel van elke mens se lewe. Elke mens evangeliseer elke dag van ons lewens, wanneer ons mense vertel van dit wat ons opgewonde maak of waarde toevoeg tot ons lewens. Met Christelike sending is dit glad nie anders nie. Daarom is die grootste doel van sending om God te eer.

***Leier**: Prof Hannes Knoetze. Hannes is mede-Professor in Missiologie, aan die Departement Praktiese Teologie en Missiologie, Universiteit van Pretoria.*

NAMIDDAG-WEGBREEKSESSIES (N2) Uitgebrei

Keusetema **N2.1, N2.2 en N2.3** word **Woensdag** van **14:00 – 15:15** aangebied. (Kies een en dui 'n tweede keuse aan).
Keusetema **N2.4, N2.5 en N2.6** word **Woensdag** van **15:45 - 17:00** aangebied. (Kies een en dui 'n twee keuse aan).
Dui jou keuses per groep op die inskrywingsvorm aan.

Keusetema N2.1

Waardigheid, geregtigheid en koinonia: bestanddele vir nagmaalsbrood.

In 'n tyd van skaarste, kan ons nie bekostig om ons tyd, geld en fokus te mors op uitgediende modelle vir kerk-wees nie. Tydens 30 jaar se foute en vreugdes in middestad-bediening, is daar 'n paar kritiese lesse wat ons moes leer.

Temas wat aangeraak sal word:
Koinonia, Kerugma, Diakonia, Oikonomia…. maar die grootste hiervan is Koinonia…
"Charity that hurts"
Kies jou vennote met oorleg.
Vreugde in eenvoud.

***Leier**: Dr Marinda van Niekerk. Marinda is CEO van PEN (Participate Envision Navigate) en leraar in NG Gemeente Pretoria-Oos. Sy is professionele moeilikheid-maker. Haar spesialiteitsgebied is Middestadbediening, Gemeenskapsontwikkeling, Praktiese Teologie, Probleemoplossing…*

Keusetema N2.2

Ontdek die avontuur van 'n koninkrykskultuur in 'n tyd van skaarste.

Hoe kan gemeentes in hierdie seisoen van kerkwees 'n koninkrykskultuur ontwikkel? Watter ritmes, gewoontes en praktyke kan ons help om in die avontuur van die koninkryk deel te neem? In hierdie sessie kyk ons na ritmes en gewoontes vir roepingsgetroue gemeentes wat in die boek IN PAS beskryf word

***Leier**: Dr Tom Smith. Tom is predikant by Fontainebleau Gemeenskapskerk. Sy passie is om die wêrelde van missiologie en geestelike formasie by mekaar te bring. Sy PhD-skripsie en sy boek Raw Spirituality ondersoek hoe gemeentes in die ritmes van die Drie-Eenheid kan leef.*

Keusetema N2.3

Vreugde in Eenvoud: Geloofsvorming in 'n tyd waar mense oorlaai is deur keuses, besittings, inligting en besige skedules.

Ons leef in 'n tyd waar volwassenes en kinders se vrees -en angsvlakke baie hoog is. Wat sou gebeur as ons huishoudings kon help om hulle lewens onder 'n vergrootglas te plaas en weer plek te maak vir eenvoud? Deel van geloofsvorming is om huise te help om 'n gesonde en holistiese lewe te lei, sodat hulle oop kan wees vir die werking van God se Gees in hulle lewens.

Leier: *Ds Maartje van der Westhuizen. Maartje is leraar by die NG Gemeente Elarduspark en fokus op Gesinsbediening. Sy is die voorsitter van die Algemene Taakspan vir Huisgeloof.*

Keusetema N2.4

Veerkragtig vorentoe.

Die golwe van verandering is hier om te bly. Hoe maak ons seker dat ons hierdie gebeurlikheidsgolwe kan ry met hoop en geloof vir die toekoms? 'n Spiritualiteit wat veerkragtigheid koester in 'n tyd van aanhoudende verandering kan deel wees van die antwoord vir 'n tyd soos hierdie. Belangstelling, oefening, doelgerigtheid en hoop is vier van die aspekte van veerkragtigheid wat ondersoek word om te bepaal hoe ons veerkragtigheid van die binnekant af kan groei en hoe ons eie spiritualiteit hierdeur ondersteun kan word vir nuwe moontlikhede vir die Koninkryk van God.

Leier: *Dr Jana van den Munckhof. Jana is predikant by Toringkerk in die Paarl.*

Keusetema N2.5

Hoe reageer ons in 'n tyd van skaarste?

Rampe gebeur onverwags en ruk 'n gemeenskap kollektief. Hetsy dit 'n natuurlike of onnatuurlike ramp is, hoe reageer ons samelewing hierop? Gebruik ons rituele om te probeer sin maak of betekenis gee aan so 'n gemeenskapsaangeleentheid? Wat is die rol van 'n liturg om te help om rituele te skep of ontwerp? Is rituele in oorvloed of skaarste in jou gemeenskap wanneer dit by gebeure kom wat ons juis in 'n tyd van skaarste onkant betrap? In hierdie aanbieding gaan ek poog om praktiese en kreatiewe ramprituele ten toon te stel, asook om oor rampituele te gesels wat nie noodwendig lyk of dit 'n ritueel is nie. Daar is sekere rampituele wat ons meer en minder help, veral in 'n tyd van skaarste.

Leier: *Ds Anandie Greyling. Anandie is predikant by die NG Gemeente Pierre van Ryneveld. Sy werk tans aan haar PhD in liturgie en rampituele*

Keusetema N2.6

Die evangeliese logika van oorvloedigheid: Bron en uitdaging vir die Christelike lewe in die 21ste eeu.

Die aanbieding sluit aan by die Britse teoloog David Ford se onlangse kommentaar op die Johannes-evangelie waarin hy dié evangelie as "a gospel of abundance" beskryf. Maar wat beteken hierdie aksent op oorvloed vir ons alledaagse lewe en die kerk – ook te midde van ervarings van tekort en uitbranding? In die nadenke hieroor word veral aandag gevra vir wat die filosoof Paul Ricoeur "the logic of superabundance" noem (in onderskeiding van "the logic of equivalence"). Dit word dan in gesprek gebring met aksente uit die gereformeerde teologie en resente teologiese boeke op die toeëening van my lewe as gawe en 'n gepaardgaande lewenstyl van vrygewigheid en vreugde. Ten slotte word aandag gevra vir hoe die "logika van oorvloedigheid" ons sintuiglike deelname aan die sakramente kan stempel en drie moontlike kenmerke van 'n spiritualiteit van oorvloedigheid word uitgelig.

Leier: *Prof Robert Vosloo. Robert is Professor in Sistematiese teologie, Fakulteit Teologie, Stellenbosch Universiteit.*

Inskrywingsfooi:

Inskrywingsgeld kan per elektroniese oorplasing in die onderstaande rekening oorbetaal word. Bewys van betaling moet gestuur word na: excelsus@up.ac.za

Kursusfooi:
R360.00

Inbetalings:
TSO, ABSA, Takkode 632005, Rekeningnommer 142 0830 463.

Verwysing:
LK plus Naam en Van van individu, of
LK plus Naam van Gemeente indien meer as 1 inskrywing betaal word.

Kansellasiefooi:
Voor of op 31 Augustus: 50% van die kursusfooi
Na 13 September: 100% van die kursusfooi

Ontvangs van inskrywing geskied per e-pos. (Indien e-pos nie voor 13 September 2022 ontvang word nie, kontak Rika by excelsus@up.ac.za).

www.excelsus.org.za
epos - excelsus@up.ac.za

Excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING